AANKONDIGINGE

13 JANUARIE 2019

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars: Ds. H Burger Ds. C Barnardo Ds. J Morkel
☎ 021 903 1798 021 982 7076 021 903 6654

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818	ngkeike@cybersmart.co.za
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818	info@ngkeike.co.za
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677	koster@ngkeike.co.za
Kleuterkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963	
Kinderkerk	Lize Fölscher	☎ 072 636 4773	
Snr Kategese	Elaine Smith	☎ 084 624 4672	
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)	

WELKOM BY DIE EREDIENS!

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

EERSTE SONDAG NA EPIFANIE

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Konsistorie
09:00	**EREDIENS** Deuroffer: Ramot Erediensspan 1 – Chris van Niekerk	Ds. Hannes Burger
09:00	Kleuterkerk	Klaskamer op verhoog in saal
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Konsistorie
18:00	Informele aanddiens / Kruiskompas Senior kategese	Ds. Hannes Burger

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
Gemeente-wees in 2019

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Jes 62:1-5; Ps 36:5-10: 1 Kor 12:1-11; Joh 2:1-11

MAANDAG, 14 JANUARIE
09:30 WEEK VAN GEBED – byeenkoms in konsistorie
DINSDAG, 15 JANUARIE
09:30 WEEK VAN GEBED – byeenkoms in konsistorie 19:00 Kooroefening in kerk – nuwe stemme welkom
WOENSDAG, 16 JANUARIE
09:30 WEEK VAN GEBED – byeenkoms in konsistorie
DONDERDAG, 17 JANUARIE
09:30 WEEK VAN GEBED – byeenkoms in konsistorie Sopkombuis: Lyta van Wyk, Abbie Marais, Magdaleen Voigt, Martie Joubert, Tillie van Tonder, Elba Fourie
VRYDAG, 18 JANUARIE
09:30 WEEK VAN GEBED – byeenkoms in konsistorie
SATERDAG, 19 JANUARIE
SONDAG, 20 JANUARIE
TWEEDE SONDAG NA EPIFANIE 09:00 Oggenddiens Kleuterkerk, Kinderkerk en Jnr kategese Deuroffer: Huis de Kuilen Erediensspan 2 – Charl van Zyl 18:00 Informele aanddiens / Kruiskompas 18:45 Snr Kategese

VANDAG SE DEUROFFER

RAMOT

Ramot is ’n behandelingsentrum vir alkohol- en ander dwelmverslawing en bestaan reeds vir 48 jaar. Gedurende hierdie tyd het meer as 160 000 mense met ’n verslawingsprobleem direk of indirek hulp ontvang. Alkohol bly steeds die grootste probleem. Verslawing beteken om oorgegee te wees aan ’n mag buite jouself met rampspoedige gevolge.

Verslaafdes is om verstaanbare redes nie welkom in die samelewing nie. Niemand wil hulle hê nie en die wêreld verwerp hulle grootliks. Maar mag ons as Christene dieselfde doen? Help ons asseblief om Christus se hande en voete te wees vir die verslaafde. Elke pasiënt ontvang intensiewe persoonlike aandag. Die kerk kan trots wees op Ramot. Bid asseblief vir genade en wysheid om meer mense te help teen bekostigbare pryse.

| 021-939-2033 admin@ramot.co.za www.ramot.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

13/01 Mariette van Wyk, Riana Fick, Christine Oosthuizen, André Kotzé
15/01 André Shaw
16/01 Tené de Wet, Christo Groenewald, Elna van der Westhuizen, Rico Esterhuyse, Tiaan Strydom
17/01 Jannie Theart
18/01 Johan Slabber, Kosie van der Merwe, Marli Wentzel, Theo Fölscher, Janet Kuhn, Retha Allers, Lihan Clausen, Izelle Engels
19/01 Anika Schwenke, Leandré van Dalen, Jean Visser, Lize Engelbrecht, Tanya Geldenhuys, Mariette Smook, Selinah Esau, John Haynes

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die lewe is nie altyd wat jy wou hê nie, maar dit is al wat jy het, so maak daarvan wat jy kan.

BARBARA JOHNSON

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Chris van Niekerk (Van Aarde straat 9) sterk tuis aan na ‘n skoueroperasie.
2. Jannie Maartens (Othello) ondergaan ‘n operasie in die komende week.
3. Nic Marais (Graylingstraaat 8) het ‘n operasie ondergaan.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
5. Ds. Chris is vanaf Dinsdag weer aan diens.
6. Ds. Johan is vanaf vandag met verlof.
7. Johanna Saayman is vanoggend ons orrelis.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 5 stukkies verkoop en die totaal is nou 304 van 2000.

KLEUTERKERK

Vanaf 2019 bedryf ons weer ‘n kleuterkerk in die kleuterkerklokaal, vir kinders 2 jaar voor skool, met ander woorde, Graad RR en Graad R.
Hulle sal hulle eie leerplan volg volgens die Paidion (Klein Kind in Grieks) model, en kan reeds ‘n halfuur voor die aanvang van die erediens kom speel voordat ons met ons eie erediens begin.

Registrasie vind plaas op 13 Januarie vanaf 08:30 op die verhoog, en weer na die afloop van die erediens.

In dieselfde asem wil ek ook vra vir ‘n bereidwillige persoon om die organisering van die kleuterkerk bediening te behartig. Ekself sal dit net die eerste kwartaal kan behartig waarna ek begin met verdere studies in kinderbediening. Die organiseerder hoef nie self Sondae teenwoordig te wees nie. Ons het 3 klasleiers wat elk een keer per maand aan diens is.

Groete
Riëtta Odendal
082 9040950 of 0219034963 of r.odendal@mweb.co.za

KINDERKERK

Die Kinderkerk is vir ons gr. 1 tot 6 kinders en vind plaas in die konsistorie gelyklopend met die erediens. Lize Fölscher is daar in beheer.

Registrasie vind vandag plaas na afloop van die erediens in die konsistoriegang.

WEEK VAN GEBED

Die afgelope paar jaar hou ons ons byeenkoms om 09:30 in die oggend in die konsistorie en gebruik elke geleentheid om voorbidding te doen vir ‘n spesifieke faset van ons gemeente-wees. Hierdie jaar gebruik ons weer die stof wat deur die CLF vir ons beskikbaar gestel is.

1. Maandag 14 Januarie: Jesus is ons enigste Hoëpriester (Heb. 9:25-26, 10:9-12)
   - Voorbidding: *Strategiese beplanning en gemeentebediening.*

2. Dinsdag 15 Januarie: Ons offer as heilige en koninklike priesterdom (1 Pet. 2:5,9)
   - Voorbidding: *Jeugkommissie*

3. Woensdag 16 Januarie: Ons gebede maak God sigbaar soos wierook (Luk. 1:8-10)
   - Voorbidding: *UK en leierskap in die gemeente*

4. Donderdag 17 Januarie: Ons en ander se swakhede (Heb 4:14-16)
   - Voorbidding: *Getuieniskommissie*

5. Vrydag 18 Januarie: Ons seën mense omdat God ons seën (Num 6:22-27)
   - Voorbidding: *Ander kommissies en aksies*

> *“Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word”* (Matteus 7:7-8)

PREEKSKETS 13 JANUARIE 2019

PREDIKER: DS. HANNES BURGER

TEMA: SAAM MET DIE HERE, HET DIE VOLK 'N TOEKOMS – EN 'N GETUIENIS!

SKRIFLESING: SAGARIA 8

LIEDERE
LOFLIED – LIED 215:1, 3 & 5
SKULDBELYDENIS – LIED 232:1
NA DIE GELOOFSBELYDENIS – LIED 232:2
UITSTUURLIED – LIED 504: 1 & 5

Inleiding: Die stukkende land...
Verlede week het die Here vir ons gesê: Moenie klein dingetjies onderskat nie.

- Wat het jy toe besluit om daaraan te doen?
- Intussen gaan Sagaria voort, en hoofstuk 7 maak nie lekker leesstof nie.
- Wat vra God van die volk? Niks nie! Sê Hy.... Los maar.
- Dis julle skuld dat die land lyk soos hy lyk, sê die Here.

1. **Die nuwe era**
   - Maar gelukkig kom Sagaria 8 net daarna.
   - En God sê: *Dit gaan alles verander... Ek is hartstogtelik begaan oor julle*
   - Die Here belowe uitkoms en voorspoed vir die stad en sy mense
   - Vrede en rus sal weer heers in Jerusalem se strate
   - Is dit net 'n idilliese droom? Dis vir God kinderspeletjies...

2. **Maar wat van ons?**
   - Maar miskien is jy min gepla oor Sagaria en Jerusalem.
   - Maar God het niks verander nie.
   - Luister daarom na God se oplossing: dien God weer in waarheid.
   - En begin lewe só!

3. **Uiteindelik: weer 'n getuienis!**
   - Kersfees was God se nuwe begin.
   - Nou is dit tyd vir *ons* nuwe begin in De Eike.
   - Wonder jy ook soms of daar regtig 'n toekoms in dié land is? En vir die kerk?
   - Sagaria twyfel geen oomblik nie. Vir hulle wat naby aan die Here lewe, wag daar 'n bloeitydperk. Hulle sal *altyd* 'n getuienis hê.